# Spier Kontemporêr wys dwingende en eietydse kwessies

2010-04-13 01:14

**Foto's · Lesersfoto’s · Nuus in Foto's Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's**

Cobus van Bosch

Toe die tweede Spier Kontemporêr bykans ’n maand gelede in Kaapstad geopen het, is dit met versigtige optimisme deur die kunsgemeenskap begroet. Teen die agtergrond van die gewoonlik kortstondige lewensduurte van nasionale kunsgebeurtenisse in Suid-Afrika, was die eerste Spier Kontemporêr (2007/’08) immers heel belowend in terme van gehalte en aanbieding.

Dit is ’n ope vraag wat die kunswêreld en breër publiek nou dink van die meer as 130 kunswerke deur 100 kunstenaars (gekies uit meer as 2?700 inskrywings landwyd) wat as die “grootste visuele en vertoonkunsbiënnale in Suid-Afrika” in die Kaapstadse stadsaal aangebied word. Weerspieël die geleentheid iets van die voorste kunstalent in Suid-Afrika, of die kwessies waarop dit - fokus?

Weens die struktuur van die geleentheid is dit maklik om “nee” op veral die eerste vraag te antwoord. Baie van die land se voorste, en die meeste gevestigde, kunstenaars het óf nie deelgeneem nie, óf hul inskrywings is nie gekeur nie. Die keurders kon slegs kies uit werke wat ingeskryf is en het self agterna gemeld dat daar min waagmoed, uitdagendheid en kreatiwiteit was. In kort, op ’n paar uitsonderings na, is die kuns maar veilig, voorspelbaar en bedees gevind.

Dat eietydse en dwingende kwessies wel aangeroer word, is seker. Opmerklik is kunstenaars se teleurstelling in, en onvergenoegdheid met, die politieke leierskap tans in Suid-Afrika, asook die uitvloeisels daarvan, veral geweldsmisdaad. In

fotografie, skilderye, video- en beeldhouwerk kom die land se huidige en vorige presidente onder skoot, asook politieke opportuniste soos Julius Malema en maatskaplike gruwels soos seksuele en gesinsgeweld en ander misdaad.

Soos te verwagte, figureer die komende Wêreldbeker-sokkertoernooi sterk in heelwat kuns wat die geleentheid gretig afwag, met die uitsondering van Dawood Petersen se meer geniepsige konseptuele beeldhouwerke. Die Suid-Afrikaanse stedelike omgewing, en hoe dit by die sosiale en ekonomiese werklikhede van ons tyd aanpas en verander, kom onder die loep in enkele maar onthoubare werke deur Philip Raiford Johnson (video), Dan Halter (video), David Bloomer (fotografie), David Koloane (tekeninge) en Eugene Arries, Jonathan Cane en Zen Marie (gemengde mediums).

Baie kunstenaars het verkies om te werk met identiteit, soos Araminta de Clermont se fotoportrette van jong Xhosa-mans en die broers Hasan en Husain Essop se fotoreeks wat fokus op ervaringe in ’n vreemde land.

Kunstenaars het ook gefokus op sogenaamde “Afrikaner-identiteit” en die vervlegting daarvan met die apartheid-era. Dit het gewissel van Jonathan Cane se werke in gemengde mediums tot Anthony Strack en Roelof van Wyk se fotografie.

Of dit te wyte is aan die inskrywings wat ontvang is, of die keurders se voorkeure, is onseker, maar van die meer tradisionele kunsvorms, soos skilder, teken, beeldhou en drukgrafika, is relatief min te sien, en het net enkeles uitgetroon, soos Frikkie Eksteen en Janine Allen se skilderye en Candice Borzechowski en Lucas Nkahloleng Thobejane se beeldhouwerk, asook Hanje Whitehead se kinetiese beeldhouwerk Die Bystander, waarin rubbermaaiers op ’n hoop grond lê en wriemel.

Diegene wat in vertoonkuns belang stel, kan die tentoonstelling gerus besoek. Reeds met die eerste Spier Kontemporêr was vertoonkuns ’n sterk komponent, en vanjaar is dit weer die geval. Die vertoonstukke word op TV-skerms vertoon, maar lewende opvoerings word op 24 en 25 April, en 8 en 9 Mei gehou. Dit is van 11:00 tot 12:00 op Saterdae en 15:00 tot 16:00 op Sondae.

Die pryswenners is Araminta de Clermont (fotografie), Dave Robertson (fotografie), Jessica Gregory en Zen Marie (video), Christopher Swift (gemengde mediums) en Hasan en Husain Essop (fotografie). Internasionale studieverblyf is toegeken aan Lindi Arbi, Mohau Modisakeng, Sicelo Ziqubu, Jacki McInnes, Mlu Zondi, Angela De Jesus en Johann van der Schijff.

Tot 14 Mei.

- Die Burger